**Dawid en die verbondsark kom na Jerusalem (OP193)**

**2 Sam 5:6-6:23**

**13 Oktober 2024**

Laasweek het ons gesien hoe Saul gesterf het a.g.v. sy troubreuk teenoor die Here – die Here het hom verwerp, en met sy sterwe is sy kop afgekap – soos Goliat s'n. Die Judastam het eerste Dawid erken as hulle koning, terwyl dit die res van die volk langer geneem het. Isboset was eers hulle koning, maar eventueel het hulle ook raakgesien Dawid moet hulle koning wees. Dit was die openbaring van die Here, asook die optrede van Dawid wat hulle oortuig het. Ons kon ook weereens sien hoe Dawid 'n tipe van die Here Jesus was: Hy het steeds die wil van die Here gesoek, hy het geduldig gewag om koning te word oor die hele volk, hy het getreur oor die dood van Saul sowel as Abner, en hy het regverdig geoordeel oor daardie Amalekiet wat gesê het hy het Saul doodgemaak, en ook oor die rowers wat Isboset doodgemaak het. Dawid was veel eerder 'n koning na die Here se hart as Saul.

Vandag wil ek stilstaan by die feit dat Dawid, nadat hy koning geword het oor die hele volk, Jerusalem gaan verower het en dit sy tuiste gemaak het vanwaar hy geregeer het. Daarna wil ek ook die gebeure oordink waartydens Dawid die verbondsark na Jerusalem gebring het. Ek wil eers die geskiedenisgebeure opsom, en daarna besin oor die betekenis van hierdie gebeure.

<u>Die inname van Jerusalem (2 Sam 5:6-10, 1 Kron 11:4-9)</u>

Teen die tyd dat Dawid koning geword het oor die hele volk, het die Jebusiete steeds in Jerusalem gewoon. Vorige pogings om Jerusalem in te neem was nie suksesvol nie. Ons lees bv. in Jos 15:63 dat tydens die inname van die beloofde land was die nageslag van Juda nie in staat om die Jebusiete uit Jerusalem te verdryf nie, met die gevolg dat die stam van Juda toe saam met die Jebusiete in Jerusalem gewoon het. Rigters 1:8, 21 vertel dieselfde. Wat ons egter nou in 2 Sam 5 en 1 Kron 11 lees, is dat ten spyte van die teenstand van die Jebusiete wat oortuig was hulle sou Dawid kon teenstaan, het Dawid daarin geslaan om Jerusalem wel suksesvol in te neem. Die presiese detail van hoe Dawid dit vermag het, is nie heeltemal duidelik nie: Uit 2 Sam 5 lyk dit of Dawid se manne toegang tot die stad verkry het deur middel van 'n watertonnel wat water aan die stad moes verskaf. Uit 1 Kron 11 lyk dit of Joab 'n belangrike leiersrol gespeel het in die inname. Hoe dit ook al sy, Dawid het die stad suksesvol ingeneem, en hy het toe daar gaan woon. Gevolglik is daar voortaan dikwels na die stad verwys as die stad van Dawid. Dit was vanaf Jerusalem wat Dawid vir 33 jaar oor die hele volk Israel geregeer het.

<u>Oorbring van die ark na Jerusalem (2 Sam 6:1-23, 1 Kron 13, 15-16)</u>

In 2 Sam 6:2 lees ons dat die ark van die Here op hierdie stadium steeds in Baäla was. Baäla is 'n ander naam vir Kirjat-Jearim of ook Kirjat-Baäl (Jos 15:9, 60). Dat die ark in Baäla was, was natuurlik die gevolg van die gebeure in 1 Sam 4-7, toe die verbondsark tydens die oorlog met die Filistyne, deur die Filistyne afgevat is. Die teenwoordigheid van die ark het egter destyds chaos in die land van die Filistyne veroorsaak, en hulle het dit teruggestuur na Israel. Die ark het eers by Bet-Semes aangekom – maar die mense van Bet-Semes het die ark van die Here bekyk, met die gevolg dat baie van hulle dood is. Die ark is toe na die huis van Abinadab geneem in Kirjat-Jearim – en was steeds daar – volgens 1 Sam 7:2 was die ark van die Here reeds 20 jaar lank in Kirjat-Jearim by Abinadab. Uit 1 Kron 13:3 blyk dit dat die ark van die Here grotendeels geïgnoreer was gedurende die regering van Saul.

Let op hoe die verbondsark beskryf word in 2 Sam 6:2: Die verbondsark is die ark van God, dit is die ark van God waaroor die Naam van die Here, die Heerser oor alle magte, uitgeroep is, dit is die Naam van die Here wat troon op die gerubs. Baie duidelik is daar ‘n intieme verhouding tussen die Here en die verbondsark. In ons bestudering van die tabernakel het ons heelwat fokus geplaas op die verbondsark: Onthou, dit was die enigste stuk meublement in die Allerheiligste van die tabernakel. Bo-op die verbondsark het die versoendeksel gelê, waarop die hoëpriester eenmaal per jaar op die groot versoendag bloed moes gaan sprinkel. Binne in die verbondsark was die twee kliptafels waarop die Here se wet geskryf was. Ons het daaroor besin dat die verbondsark as’t ware die voetbank van die Here se troon hier op aarde was, siende dat dit tussen die gerubs bo-op die verbondsark is dat die heerlikheid van die Here verskyn het wanneer Hy die tabernakel gevul het. Dit strook met die beskrywing wat ons nou hier in 2 Sam 6 vind.

Uit 2 Sam 6 blyk dit dat Dawid met 30 000 man vertrek het om die ark te gaan haal. 1 Kron 13 gee heelwat meer detail hoe Dawid eers met die leiers van die volk beraadslaag het of hulle die saak steun en of dit alles die Here se wil is. Die uiteinde was dat almal saamgestem het. Hulle is toe na Abinadab toe, daar het hulle die ark op ‘n nuwe wa gelaai om dit daarop te vervoer Jerusalem toe. Agjo en Ussa, twee van Abinadab se seuns, het die wa begelei, terwyl Dawid en die hele Israel uitbundig gesing het onder leiding van verskeie musiekinstrumente. Maar toe hulle by die dorsvloer van Nagon kom, struikel die osse – en Ussa gryp na die ark om te voorkom dat dit van die wa afval. Die toorn van die Here het egter teen Ussa ontvlam, en Ussa het daar by die ark gesterf. Ons lees Ussa het gesterf weens sy oneerbiedigheid. Dawid was ontsteld omdat die Here so drasties teenoor Ussa opgetree het, en hy noem die plek Peres-Ussa, wat beteken die Here het Ussa stukkend gebreek. Terselfdertyd het Dawid bang geword, en besluit dit sal beter wees om nie die ark Jerusalem toe te neem nie. Die ark is toe na die huis van Obed-Edom geneem – waar dit vir drie maande gebly het.

Gedurende die drie maande het die Here vir Obed-Edom geseën, en toe Dawid dit hoor, het hy besluit om voort te gaan met die projek om die ark Jerusalem toe te bring. Uit 1 Kron 15 is dit duidelik dat Dawid hierdie keer baie voorbereidings getref het om die ark te gaan haal: Ons lees hy het in Jerusalem ‘n tent opgeslaan waarin die ark geplaas moes word wanneer dit in Jerusalem aankom – hierdie tent was nie die tabernakel nie, die tabernakel was op daardie stadium steeds in Gibeon (1 Kron 16:39) – hierdie tent was spesiaal opgerig vir die verbondsark. Verder het Dawid ook aan die priesters en die Leviete opdrag gegee dat hulle hulle moet heilig, want hulle sou verantwoordelik wees om die ark te vervoer. Anders as met die eerste poging, sou die ark nie weer op ‘n wa vervoer word nie, nee, die priesters en Leviete moes die ark dra met behulp van die draaghoute op hulle skouers – soos wat Moses destyds bepaal het gedoen moes word wanneer die ark verskuif is. Dawid het ook sangers en musikante aangewys, wat moes optree tydens die vervoer van die ark.

Ons lees Dawid het toe met groot vreugde die ark van die Here gaan haal, saam met die leiers van die volk. In 2 Sam 6 lees ons dat daar elke 6 treë ‘n bul en ‘n vetgemaakte kalf geslag is, terwyl 1 Kron 15 sê daar is sewe bulle en sewe ramme geoffer. Baldwin skryf oor hierdie offers en sê die doel hiermee was enersyds om aan die Here dank te betoon vir die feit dat hulle op pad kan wees met die ark na Jerusalem toe, maar andersyds was dit ook ‘n bede tot die Here dat Hy hulle sal bewaar om die reis suksesvol te voltooi.

Ons lees spesifiek dat Dawid ‘n linne mantel gedra het saam met ‘n linne efod. Die Leviete wat die ark gedra het, asook die sangers, het ook linne klere gedra. Dit is opvallend om daarop te let dat hierdie mantels en ‘n efod tipies deel was van die kleredrag van die priesters, en hierdie priesterklere was van linne gemaak – jy kan daarvan gaan lees in Eks 28:4, 39 en 42. Ons besin later

oor die betekenis hiervan. Ons lees hoe Dawid met oorgawe voor die Here gedans het tydens die vervoer van die ark, en so ook die volk self.

Toe die ark van die Here in die Dawidstad aankom, lees ons iets onverwags: Migal, wat Saul se dogter en ook Dawid se vrou was, het vanuit die venster afgekyk en Dawid gesien spring en dans voor die Here – en sy het Dawid in haar hart verag.

Maar, die ark is toe in die tent geplaas wat Dawid daarvoor gereed gemaak het. Daarna is daar brandoffers en maaltydoffers gebring, Dawid het die volk geseën, en vir elke Israeliet, man en vrou, 'n ringbrood, 'n dadelkoek en 'n rosynekoek gegee. Ons kan aanneem daar is behoorlik fees gevier. Daarna is die volk terug na hulle huise toe, en Dawid is ook terug na sy eie huis toe. Daar vind hy Migal, wat afkeurend sarkasties optree teenoor Dawid. Sy beskuldig hom daarvan dat hy deur sy optrede hom ontbloot het voor die slavinne van sy amptenare. Kom ons herinner onsself net weer oor Migal se agtergrond: Sy was Saul se dogter. In 1 Sam 18:20 lees ons dat sy destyds verlief geraak het op Dawid. Saul het dit te hore gekom, en gedink dit sal goed wees as sy Dawid se vrou word – dan kan sy 'n strik word vir Dawid. Die voorstel is toe onder valse voorwendsels aan Dawid gemaak – en as bruidskat vir Migal moes Dawid aan Saul die voorhuide van 100 Filistyne gee. Dawid het dit gedoen, en sodoende het Migal Dawid se vrou geword. Maar nou het Migal se liefde vir Dawid oorgegaan in veragting. Baldwin skryf hieroor in sy kommentaar en sê Migal het eerder daardie brawe vegter verkies wat 100 Filistyne doodgemaak het om haar as vrou te kry, bo die dansende Dawid wat sonder sy koninklike klere in linneklere voor die ark en die volk loop en dans. Dawid herinner haar egter daaraan dat hy deur die Here gekies is as koning bo haar pa, en hy is bereid om homself selfs nog verder te verneder as dit sal beteken dat hy meer geëer sal word deur die slavinne, selfs al sou dit beteken dat hy nog verder in Migal se agting sal daal. En dan sluit die gedeelte af met die opmerking dat Migal tot met haar dood kinderloos was.

<u>Betekenis van hierdie gebeure</u>

Die vraag is: Wat is die betekenis van hierdie gebeure? Ek is oortuig dat ons hier 'n besondere stuk openbaringsgeskiedenis het wat mens verstom laat staan as jy dit eers raakgesien het. Kom ons kyk daarna.

Kom ons dink eers oor Dawid: Ons het Dawid oor die afgelope aantal weke leer ken as die koning wat deur die Here aangewys is, en hy het deur sy optrede getoon dat hy 'n koning na die hart van die Here is – definitief meer so as Saul. Sopas is hy ook uiteindelik in die openbaar gesalf as koning van die hele volk Israel. Ons het ook opgelet dat hy 'n tipe is van die Here Jesus – daar is verskeie aspekte van sy rol as tipe, maar wat veral uitstaan is dat hy as 'n tipe van die Here Jesus Goliat man alleen verslaan het – en Goliat was 'n tipe van die duiwel. M.a.w. Dawid is 'n tipe van Jesus wat die duiwel sou oorwin deur sy kop te vermorsel. Dawid was dus 'n tipe van die Here Jesus wat daardie derde vraagstuk wat na Gen 3 ontstaan het, sou aanspreek – die derde vraagstuk is die vraagstuk wat handel oor hoe die Here die kop van die slang sou vermorsel.

Kom ons dink vervolgens oor Jerusalem: Ons het vandag gesien dat Dawid pas nadat hy koning oor die hele volk geword het, Jerusalem ingeneem het. Dit is van hier wat hy vir lank oor die hele volk sou regeer – trouens in die toekoms sou daar dikwels na Jerusalem verwys word as die Dawidstad. Maar ons weet ook dat Jerusalem in die verder openbaringsgeskiedenis 'n belangrike rol sou speel: Dink maar daaraan dat dit in Jerusalem is wat Salomo later die tempel vir die Here sou bou, dit is ook waar die tempel herbou sou word na die ballingskap. Dit is ook in Jerusalem wat die Here Jesus later gekruisig is, waar Hy gesterf het en ook waar Hy opgestaan het uit die dood. En dan is daar natuurlik daardie heerlike eindpunt in Openbaring 21 en 22 waar ons van die nuwe Jerusalem lees wat vanuit

die hemel neerdaal na die nuwe aarde – en daardie nuwe Jerusalem is die gelowiges, oftewel die bruid van die Here Jesus.

Kom ons dink oor die verbondsark: Soos wat ek vroeër opgemerk het was die verbondsark deel van die tabernakel – dit het normaalweg in die Allerheiligste gestaan. Dit was 'n simbool van die Here se teenwoordigheid onder die volk, dit was as't ware die voetbank van die Here se troon hier op aarde. Maar in ons onlangse bestudering van die tabernakel het ons ook daaroor besin dat die verbondsark ook 'n tipe is van die Here Jesus. Ons het daaroor besin dat die tabernakel 'n simbool is van die verlossingsproses wat die Here met gelowiges stap: in die voorhof word regverdigmaking afgebeeld, in die Heilige heiligmaking, en in die Allerheiligste heerlikmaking. Wanneer gelowiges sterf, beweeg hulle in die Allerheiligste in en kom in die teenwoordigheid van die Here – maar hulle beweeg daarin deurdat hulle skuil in die Here Jesus, d.w.s. hulle skuil in die verbondsark, wat onder die versoendeksel is, waarop die bloed van die Here Jesus se eenmalige offer gesprinkel is – waarbo die heerlikheid van die Here is. Onthou ook: die verbondsark en die tabernakel is deur die Here aan die volk gegee as deel van die Sinaiverbond. Onthou ook: die verbondsark speel 'n belangrike rol om daardie eerste vraagstuk na Gen 3 aan te spreek: ons sondeskuld – dit word juis aangespreek deur die hoëpriester wat op die groot versoendag die bloed op die versoendeksel gaan sprinkel. Onthou – dit was ook 'n tipe van die Here Jesus: Hy is die Ware Hoëpriester wat Homself offer om werklik versoening te doen vir ons sondeskuld.

Goed, kom ons hou dit nou alles in gedagte, en dan besin ons weer oor wat hier besig is om te gebeur met die bring van die verbondsark na Jerusalem toe. Let in die eerste plek op die volgende: Toe Dawid die verbondsark in Jerusalem inbring, dra hy nie sy koninklike klere nie – nee, Hy dra linneklere. Ja, Dawid is die koning, maar Hy dra linneklere – soos die Leviete en priesters wat die ark dra, Hy dra linneklere wat tipies is van die kleredrag van die priesters. Die koning dra priesterklere! Sien jy dit? Dawid, wat koning is, dra linneklere, wat tipies priesterklere is, en sodoende beeld hy die Here Jesus uit as die Priester en Koning – as Priesterkoning! Onthou: Dit is deur die werk van die ware Hoëpriester wie se bloed op die versoendeksel gesprinkel moet word, dat vraagstuk 1, ons sondeskuld, aangespreek gaan word. Dit is deur die werk van die ware Koning dat vraagstuk 3, die vermorseling van die duiwel se kop, aangespreek gaan word. En wat ons hier sien gebeur is dat die koning in priesterklere die verbondsark in Jerusalem inbring! Sien jy dit? Twee verbonde kom bymekaar en komplimenteer mekaar: die Sinaiverbond en die Dawidverbond! Sien jy Melgisedek? Melgisedek wat Koning van Salem (d.w.s. Jerusalem) was en wat Priester van die Here was word hier uitgebeeld met Dawid in priesterklere op pad met die verbondsark van die Here na Jerusalem. Onthou jy hoe die Here Jesus in Op 5 beskryf word in daardie hemelse troonvisioen wat Johannes gesien het? Hy word op twee maniere beskryf: Enersyds as die Leeu uit die stam van Juda, die wortel van Dawid – dit is Jesus in Sy rol as Koning – die Koning uit Juda uit Dawid se nageslag – waarvan Dawid as koning 'n tipe was. Andersyds word Hy ook beskryf as die Lam wat geslag is – dit verwys na Jesus in Sy rol as Hoëpriester wat Homself as Lam geoffer het – waarvan Dawid hier in linneklere ook 'n tipe was. Dawid as koning geklee in priesterklere is 'n tipe van Jesus, die ware Priesterkoning!

Maar hier is nog meer: Onthou hoe die eerste poging om die ark na Jerusalem te bring, misluk het. Die ark is op 'n wa vervoer, en toe die osse struikel en Ussa na die ark gryp, ontvlam die toorn van die Here en Ussa sterf. Vir drie maande is die ark by Obed-Edom – en die Here seën hom. Alhoewel Dawid aanvanklik ontsteld en bang was, skep hy moed: duidelik bring die ark van die Here seën. Die probleem is nie dat hulle die ark Jerusalem toe wil bring nie, die probleem is dat hulle die ark op die verkeerde manier vervoer het. Dawid verstaan hoe die ark vervoer moet word: soos Moses voorgeskryf het, deurdat die priesters/Leviete die ark op hulle skouers moet dra met behulp van die draaghoute. Hoekom is dit so belangrik? Kyk na die verskillende prentjies wat uitgebeeld word: Met

die eerste poging is die verbondsark op die wa, Agjo en Ussa lei die wa, hulle loop dus voor die wa. Met die tweede poging lyk dit anders: Daar is nie 'n wa nie. Die Leviete wat die ark dra, is as't ware onder die ark – hulle dra dit op hulle skouers. Onthou wat ons gesê het in ons bestudering van die tabernakel: wanneer gelowiges in die Allerheiligste inbeweeg, skuil hulle in die verbondsark, onder die versoendeksel, onder die bloed om sodoende in die teenwoordigheid van die Here te kan kom – dit is al waar hulle veilig is – as hulle in die Here Jesus skuil. Dit word uitgebeeld in die tweede prentjie – die Leviete onder die verbondsark. En so gaan hulle saam met die koning in priesterklere in Jerusalem in. Onthou verder, Jerusalem is simbool van die nuwe Jerusalem. Ken ek dit alles saamvat: **Dit is deurdat die Leviete (simbool van die gelowiges) die ark (simbool van die Here Jesus) dra (simbool van gelowiges wat in die Here Jesus skuil) dat hulle onder leiding van koning Dawid in priesterklere (simbool van die Here Jesus as die ware Priesterkoning) in Jerusalem inbeweeg (simbool van die nuwe Jerusalem, d.w.s. die ewige heerlikheid).**

En toe hulle in Jerusalem aankom, wag daar 'n fees: enersyds bring hulle brand en maaltydoffers, andersyds word hulle deur Dawid geseën en hy gee aan elkeen 'n ringbrood, 'n dadelkoek en 'n rosynekoek. En wanneer gelowiges in heerlikheid arriveer in die nuwe Jerusalem, wag daar ook 'n fees: die bruilofsmaal van die Lam. Enersyds bring hulle ook offers - ons lees in Op 19:6-7 hoe hulle lofoffers aan die Here bring: "Halleluja! Die Here ons God, die Almagtige, het Sy koningskap opgeneem. Laat ons bly wees en jubel, en aan Hom die heerlikheid gee". Andersyds mag hulle ook aan die feesmaal aansit – die bruilofsfees van die Lam. En let op wat dra hulle: blink klere van suiwer fyn linne – soos die Leviete wat die ark gedra het. Kom ons voeg dit by ons vorige opsomming: **Dit is deurdat die Leviete (simbool van die gelowiges) die ark (simbool van die Here Jesus) dra (simbool van gelowiges wat in die Here Jesus skuil) dat hulle onder leiding van koning Dawid in priesterklere (simbool van die Here Jesus as die ware Priesterkoning) in Jerusalem inbeweeg (simbool van die nuwe Jerusalem, d.w.s. die ewige heerlikheid). Daar bring hulle offers aan die Here (simbool van die lofoffers wat gelowiges in die nuwe Jerusalem aan die Here sal bring) en hulle ontvang brood en koeke van Dawid (simbool van gelowiges wat aan die bruilofsmaal mag aansit saam met die Bruidegom, die Priesterkoning).**

Ons weet verder dat Dawid na die inbring van die ark vir jare lank vanuit Jerusalem geregeer het. In Op 22:3 lees ons dat die troon van God en die Lam sal in die nuwe Jerusalem wees. Let op: ons lees die troon van God en die Lam sal in die nuwe Jerusalem wees – hoor jy dit? Die troon van die Lam – troon verwys na Jesus as die Opperkoning, Lam verwys na Jesus as die ware Hoëpriester – Jesus is die Priesterkoning wat na die nuwe Jerusalem kom om vir ewig van daar te regeer – soos wat Dawid as koning met priesterklere saam met die verbondsark in Jeruslaem ingekom het en toe vir jare van daar geregeer het. Kom ons voeg dit by ons opsomming: **Dit is deurdat die Leviete (simbool van die gelowiges) die ark (simbool van die Here Jesus) dra (simbool van gelowiges wat in die Here Jesus skuil) dat hulle onder leiding van koning Dawid in priesterklere (simbool van die Here Jesus as die ware Priesterkoning) in Jerusalem inbeweeg (simbool van die nuwe Jerusalem, d.w.s. die ewige heerlikheid). Daar bring hulle offers aan die Here (simbool van die lofoffers wat gelowiges in die nuwe Jerusalem aan die Here sal bring) en hulle ontvang brood en koeke van Dawid (simbool van gelowiges wat aan die bruilofsmaal mag aansit saam met die Bruidegom, die Priesterkoning). Dit is ook in Jerusalem wat Dawid vir jare sou regeer (simbool van die troon van God en die Lam wat vir ewig in die nuwe Jerusalem sal wees).**

En tog is daar 'n vals noot: te midde van al die opgewonde vreugde met die bring van die ark na Jerusalem, is daar Migal, Saul se dogter. Sy neem nie deel nie. Nee, sy staan een kant en kyk deur die venster na alles wat gebeur. En dan verag sy Dawid – sy verag die opgewonde, dansende Dawid in priesterklere. Sy verkies die brawe vegter wat 100 Filistyne kon doodslaan om haar bruidskat te

betaal. Maar Dawid se antwoord aan haar is hy is deur die Here gekies vir sy rol as koning, en hy sal uitbundig wees voor die Here na alles wat die Here vir hom gedoen het. Hy is selfs bereid om homself te verneder om dit te doen, hy sal homself selfs nog verder verneder – ongeag wat Migal van hom dink. Hy soek eerder die eer van die slavinne as die eer van Migal. Ek kom nou terug om dit verder te oordink.

Kan ek net eers die volgende uitlig: Tot dusver het ek die betekenis van hierdie gebeure deurgetrek tot aan die einde van die tyd met Jesus se tweede koms. Maar hierdie gebeure kyk ook vooruit na gebeure wat plaasgevind het met Jesus se eerste koms. Lees Markus 11:7-11. Dawid was 'n tipe van die Here Jesus. Ons het gesien Dawid het Jerusalem ingekom onder groot vreugde. Hier in Mark 11 lees ons van Jesus wat ook Jerusalem binnekom, en weereens is daar groot vreugde. Ons het gesien dat Dawid homself verneder het met Sy koms na Jerusalem, ons sien hier hoe Jesus Homself verneder het deurdat Hy op 'n donkie gery het. Maar Dawid is erken as die koning deur die volk, netso sien ons hier hoe die mense Jesus erken het as komende in die Naam van die Here en dat Hy, let op: juis die koninkryk van Dawid bring. Binne enkele dae sou Jesus in Jerusalem Sy werk as ware Hoëpriester en as Koning verrig – Hy sou sterf aan die kruis en daar Sy eenmalige offer bring as Hoëpriester, maar Hy sou ook daar die duiwel oorwin as die ware Koning – binne enkele dae sou Jesus vraagstukke 1 en 3 van Gen 3 suksesvol aanspreek. Netsoos wat Dawid se intog in Jerusalem aanleiding gegee het tot 'n fees, so het Jesus se intog ook aanleiding gegee tot 'n fees: enkele dae later tydens die viering van die pasga, het Hy die nagmaal ingestel – waaraan ons as gelowiges gereeld mag deelneem terwyl ons met verwagting uitsien na die bruilofsmaal van die Lam.

As jy die ooreenstemmende gedeelte van Jesus se intog in Jerusalem in Luk 19 gaan lees, sien jy daar staan in verse 39-40: "Sommige van die Fariseërs in die skare het egter vir Jesus gesê: 'Meester, berispe U dissipels!' Maar Hy het geantwoord: 'Ek sê vir julle, as hulle stilbly, sal die klippe dit uitroep!'" Kom ons keur nou terug na Migal: Toe Dawid Jerusalem binnekom, het sy nie deelgeneem aan die vreugde nie – nee, sy het eenkant gebly en hom verag. Toe Jesus Jerusalem binnegekom het, het die Fariseërs nie deelgeneem aan die vreugde nie – nee, hulle het Jesus berispe. Migal was teleurgestel met Dawid se gedrag – volgens haar was dit nie hoe hy hom as koning moet gedra nie. Die Fariseërs was ook teleurgestel met hoe Jesus Hom gedra het – dit is nie wat hulle van die komende Koning verwag het nie. Maar Dawid was onwrikbaar – hy was meer bekommerd oor die slavinne as Migal se opinie. Jesus was ook onwrikbaar – Hy was ook meer bekommerd oor eenvoudiges se opinie oor Hom as die Fariseërs se opinie.

En nou kan jy vra: wat sal die geval wees met Jesus se wederkoms – sal daar dan ook vals note wees wanneer Jesus die nuwe Jerusalem binnekom? Op 21:27 antwoord dit ondubbelsinnig: "En niks wat besoedel is, en niemand wat iets gruweliks en vals gedoen het, sal ooit toegang tot haar verkry nie, slegs hulle wat opgeteken is in die boekrol van die lewe van die Lam." Teen die tyd dat die Here Jesus na die nuwe Jerusalem op die nuwe aarde kom, is die duiwel en al sy volgelinge reeds vir ewig in die poel van vuur gegooi. Kom ons voeg dit by ons opsomming: **Dit is deurdat die Leviete (simbool van die gelowiges) die ark (simbool van die Here Jesus) dra (simbool van gelowiges wat in die Here Jesus skuil) dat hulle onder leiding van koning Dawid in priesterklere (simbool van die Here Jesus as die ware Priesterkoning) in Jerusalem inbeweeg (simbool van die nuwe Jerusalem, d.w.s. die ewige heerlikheid). Daar bring hulle offers aan die Here (simbool van die lofoffers wat gelowiges in die nuwe Jerusalem aan die Here sal bring) en hulle ontvang brood en koeke van Dawid (simbool van gelowiges wat aan die bruilofsmaal mag aansit saam met die Bruidegom, die Priesterkoning). Dit is ook in Jerusalem wat Dawid vir jare sou regeer (simbool van die troon van God en die Lam wat vir ewig in die nuwe Jerusalem sal wees). Maar in Jerusalem was daar 'n Migal**

**wat Dawid verag het – daarteenoor sal daar in die nuwe Jerusalem nie iemand wees wat nie die Priesterkoning eer nie.**

Slotopmerkings

Ek sluit af met 'n eenvoudige maar ernstige oproep: Kom ons maak seker ons skuil in die Here Jesus. Nie net spreek Hy vraagstukke 1 en 3 effektief aan as die ware Priesterkoning nie, maar Hy lei ons ook in die nuwe Jerusalem in. Wat meer is, as jy Hom verag, sal jy nie in die nuwe Jerusalem inkom nie. Wat nog meer is, as jy in Hom skuil, kom vestig Hy Sy en God se troon by ons in die nuwe Jerusalem en Hy regeer oor ons vir ewig.